

Kragaanwending

Moegheid is 'n algemene verskynsel in ons moderne samelewing. Selfs talle jongmense is reeds in die fleur van hulle lewe al moeg. Die Here weet egter hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte. Ook waarvan en waarom ons moeg is. Die oorsaak lê veel dieper as net in die aftakeling van liggaamskrag. Lewensmoegheid het eerder 'n geestelike oorsprong. Die kwaal sit diep in die hart. Daarom bied 'n vakansie op sigself nie genoegsame nuwe krag nie.

Kragvernuwing behels ook veel meer as om net krag van die Here te verwag. Dit is om op die Here self te wag en van Hom alleen jou hulp te verwag. Die diepste geheim van kragvernuwing lê dus in jou persoonlike verhouding met die Here. Nuwe krag en energie koop 'n mens nie ten duurste in die vorm van vitamienes in die apteek nie. Dit is gratis verkrygbaar in volkome vertroue op God!

Kragvernuwing is nie blote sterk-word van oefening nie. Vers 31 sê dié wat op die Here vertrou, *kry*, dit wil sê ontvang nuwe krag as 'n gawe! Die Here gee dit telkens weer uit sy onuitputlike bron. Die Gewer van alle gawes word nie moeg nie en raak nie afgemat om die vermoeides krag te gee en dié te versterk wat nie meer kan nie (vs 29).

In dae van geloofsinsinking en sielsuitputting wil die Here ook vir jou nuwe krag gee: nuwe krag by elke nuwe versoeking; nuwe krag by elke teleurstelling; nuwe krag by elke geloofsteilte wat jy moet uitklim; nuwe krag om elke oomblik van smart te verwerk.

Voel jy lewensmoeg en uitgemergel vanweë die hoë eise van ons tyd? Vertrou net op die Here. Kragtens sy belofte by monde van Jesaja aan die volk in ballingskap sal Hy ook aan jou nuwe krag gee, nuwe lewenslus, die lewe tot in ewigheid. “Jy sal van krag tot krag steeds gaan totdat jou voet in Sion staan” (Ps 84:4).

Sing: Psalm 68:9

Dr DR Fouché (Emeritus)